

**5 Maart**

**Johannes 1:9-14, (Teks: 1:12 en 13)**

***Jou reg om kind van God te wees***

Het jy die reg om kind van God te wees? Ja!

Wie? Daardie persoon wat vir Jesus aangeneem het, hy wat in Hom glo, het die reg tot kindskap van die Vader ontvang. En dit gebeur teen jou menslike natuur in. Die mense wou Jesus nie aanneem nie. Al het alles deur Hom tot stand gekom, het die wêreld Hom nie erken nie (vers 10). Selfs sy eie mense, diegene uit die verbondsvolk, het Hom nie aangeneem nie (vers 11). Ook jy sou Hom nie aanneem nie!

Hoe kan ek dan die reg hê om kind van God te wees as ek die lig uitdoof? Slegs deur 'n wondergeboorte van God (vers 13). God se Gees verander my sondige natuur, buig dit om, vernuwe dit, sodat ek nie meer wegvlug van die lig nie. Ek draai my rug op die duisternis van 'n goddelose lewe en wil gehoorsaam aan God leef (Joh. 3:6,21).

My toegebalde vuiste word deur die Gees oopgeforseer om Jesus as my Verlosser aan te neem. My blinde oë word siende sodat ek die ware lig opmerk. My slap bene word gespierd sodat ek saam met my hemelse Vader kan loop. Ja, my skadulewe word verlig sodat ek nie net die vuil sondekolle sien nie, maar ook die liefde van die vergewende God aanvaar.

Jy het die reg om kind van God te wees; dit is aan jou gegee ten spyte van jouself.

Sing: Skrifberyming 33:1

Dr. W.C. Opperman (Windhoek-Suid)